

DEK JOU TAFEL MET SWIER!



GEHEKELDE PLEKMATJIES

BENODIGDHEDE: Wit Omega Nr. 8 (50-g-bolle); die hoeveelheid hang af van grootte van plekmatjie; hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Een motief is ongeveer 9,5 x 9,5 cm en weeg ongeveer 4 g.

AFKORTINGS: gs - glipsteek; ks - kettingsteek; kb - kortbeen; dsl - dubbelslagsteek; herh - herhaal; sp(s) - spasie (spasies); beg - begin; p(s) - picot (picots)

Spasie: 1dsl om mee te begin; *3ks, slaan 3 ste oor, 1dsl in vlg st.

Let wel: 4ks vervang altyd 1e dsl van 'n ry.

EERSTE MOTIEF: Begin met 36ks, draai. **1e ry:** 1dsl in 12e ks vanaf hekelpen, *3ks, slaan 3 ste oor, 1dsl in vlg st; herh van * tot einde — 7 sps gevorm.

Hekel nog 6 rye sps; daarna word in rondtes om motief gehekel.

8e rondte: (3kb in vlg sp, 1kb in vlg st) 5 keer, 1kb in 6e sp, 12ks, 1gs in 3e kb van 2e sp, draai, (3kb in pas gevormde 12ks-sp, 3ks = 1 picot) 5 keer, 3kb in dieselfde sp, 2kb in 6e sp van filetvierkant, 1kb in vlg st, 7kb in hoek-sp van filetvierkant; herh vanaf begin, maar in dié herhalings moet (3kb in vlg sp, 1kb in vlg st) slegs 4 keer herhaal word; hekel verder soos gestel.

9e rondte: *1kb in hoek-kb, 12ks, 1kb in 2e p van 12ks-sp, 12ks, 1kb in 4e p van dieselfde 12ks-sp, 12ks; herh vanaf * tot einde.

10e rondte: (2kb, 3ks, 2kb) 7 keer in elke 12ks-sp.

Knip garing af en heg netjies af.

Hekel volgende motiewe by picots van laaste rondte aanmekaar vas soos op foto gesien kan word.

Vir klein matjies word 4 motiewe gehekel en vir groot plekmatte 15 motiewe, wat in 3 rye van 5 elk saamgevoeg word.

Versamelstuk

